



Die waarde van waardes: 'n christelik-filosofiese besinning oor die aard en rigtinggewende gesag van waardes

B.J. van der Walt
Skool vir Filosofie
Potchefstroomkampus
Noordwes-Universiteit
POTCHEFSTROOM
E-pos: hannah@intekom.co.za

Abstract

The value of values: a christian-philosophical reflection on the nature and directional power of values

To counteract the crisis of direction in contemporary culture, added values to organisations, institutions or businesses are very popular nowadays. What exactly is meant by the concept "value", however, is usually taken for granted. Even when an explanation is provided, it is usually done in very vague terms. For philosophically-minded people, this situation is unsatisfactory and problematic. Therefore the aim of this article is, from a christian-philosophical point of view, to arrive at more clarity on the question of what precisely the nature, status and directional power of values are. In a previous contribution in this journal, on the value system of the North-West University (NWU), this problem could not be solved satisfactorily, since it mainly focused on practical rather than theoretical aspects.

For a better appreciation of the value of reformational viewpoints on values, the investigation begins with a short review of the western history of philosophy. It is only against the backdrop of this historical review that the contribution of reformational thinkers can be fully understood. It then moves to a brief description of D.H. Th. Vollenhoven's philosophy in order to determine the place of values in one's view of reality as a whole. The third section deals with H.G. Stoker's view on values, which clarifies the nature and power of values. An investigation of the viewpoints of J.P.A. Mekkes, J. Olthuis, S. Fowler, J.J. Venter and D.F.M. Strauss provides further

clarification enable a formulation of some statements about values which could clarify the current confusion about values, that of the NWU included. Since general values are not capable of providing clear normative direction in multi-religious and multi-cultural institutions, the last section reflects on an alternative way to solve the problems of the NWU as well as other institutions and organisations which have to accommodate different viewpoints. A brief review concludes the study.

Opsomming

Die waarde van waardes: 'n christelik-filosofiese besinning oor die aard en rigtinggewende gesag van waardes

Om die rigtingkrisis in die moderne kultuur te verlig, is dit deesdae populêr om sekere waardes vir 'n organisasie, instelling of bedryf te formuleer. Gewoonlik word as vanselfsprekend aanvaar dat dit duidelik is wat met die begrip "waarde" bedoel word. Selfs indien dit wel verduidelik word, geskied dit gewoonlik in vae terme. Vir filosofies-geskoolde mense is so 'n situasie onbevredigend en problematies. Die bedoeling van hierdie artikel is dus om vanuit 'n christelik-filosofiese perspektief duidelikheid te bereik aangaande die vraag van wat die plek, aard en gesag van waardes is. In 'n vorige bydrae in hierdie tydskrif oor die waardestelsel van die Noordwes-Universiteit (NWU) kon hierdie probleem nie bevredigend opgelos word nie, aangesien dit nie op die teoreties-filosofiese nie, maar op praktiese probleme gefokus was.

Om die bydrae van reformatoriese visies op waardes te waardeer, begin die ondersoek met 'n kort oorsig oor die geskiedenis van die westerse filosofie. Dit is belangrik, omdat reformatoriese denkers in reaksie daarop hulle eie visies formuleer en hulle bydraes beter verstaan kan word. Dan volg 'n kort beskrywing van die sistematiese filosofie van D.H. Th. Vollenhoven met die oog daarop om die plek van waardes in 'n mens se totale werklikheidsvisie te bepaal. Die derde gedeelte, wat handel oor H.G. Stoker se visie op waardes, bring meer duidelikheid oor die aard en gesag van waardes. 'n Ondersoek na die standpunte van J.P.A. Mekkes, J. Olthuis, S. Fowler, J.J. Venter en D.F.M. Strauss bring nog verdere verheldering en maak dit moontlik om 'n aantal stellings oor waardes te formuleer, wat moontlik die hedendaagse verwarring rondom waardes, ook by die NWU, kan help opklaar. Aangesien algemene waardes nie werklik voldoende normatiewe rigting vir multikulturele en multi-religieuse instellings kan aandui nie, besin die laaste gedeelte van die artikel oor 'n alternatiewe manier waarop die probleme van die NWU, asook ander organisasies en instellings wat 'n

verskeidenheid standpunte moet akkommodeer, moontlik opgelos kan word. 'n Kort terugblik sluit die ondersoek af.

1. Inleiding: die probleem, perspektief en opset

1.1 Die probleem

Om van waardes te praat, is vandag hoogmode. Die dagblad op my lessenaar (vgl. De Klerk-Luttig, 2010:2) bevat byvoorbeeld 'n volbladartikel oor waardes wat leerders vir die skole in Suid-Afrika voorstel, naamlik omgee, eerlikheid of integriteit, selfdissipline of 'n werksetiek en respek. Ook op wetenskaplik-opvoedkundige terrein word daar tans druk oor waardes besin. Resente voorbeelde wat op my tafel lê, is Biemond (2010), Lessing en De Witt (2010), waarvan die literatuurlyste na nog meer navorsing op hierdie gebied verwys. Hierdie soeke na veral gemeenskaplike waardes geskied op feitlik elke lewensterrein (vgl. Van der Walt, 1993).

Die vraagstuk wat hierdie artikel wil ondersoek, gaan egter nie oor *watter* waardes voorgestel word nie, maar oor *wat* waardes is; oor die *plek*, *aard* en *gesag* van waardes.

Hoewel deesdae dikwels van waardes as leidinggewende konsepte by organisasies, instellings en regerings gepraat word (vgl. Banks, 1983), word die begrip *waarde* selde omskryf en blykbaar as vanselfsprekend duidelik veronderstel. Om duidelikheid hieroor te verkry, word hierdie ondersoek onderneem.

Volgens Zecha (2007:48-55) bestaan die volgende hedendaagse standpunte oor waardes:

- Volgens die *historis* is waardes slegs die produk van historiese omstandighede.
- Volgens die *rasionalis* is feite objektief en seker, maar waardes subjektief en dus onseker.
- Volgens die *kulturele relativis* bestaan daar nie universele waardes nie, aangesien elke kultuur sy eie het.
- Die *morele relativis* beweer dat nie eers die menslike lewe vandag meer 'n onbestrede waarde is nie.
- *Skeptiese denkers* is van mening dat waardes nie kan bestaan nie, omdat hulle nie waargeneem kan word nie.

- Die *demokratiese politikus* glo dat die meerderheid bepaal wat regte en verkeerde waardes is.
- Die hedendaagse *sekulêre denker* se standpunt is dat waardes iets persoonliks is waaroor iemand anders geen sê het nie.
- Die *negatïvis* is van oortuiging dat sekere waardes selfs gebruik kan word om kwaad te bevorder.

Wanneer pogings wel aangewend word om waardes te definieer, is dit nie baie indrukwekkend nie. 'n Vroeëre skrywer se omskrywing lui soos volg:

... values are the goals of our striving, having as their purpose to render our existence meaningful and to achieve fulfillment in our lives (Von Rintelen, 1972:9).

Zecha (2007:31, 32) se definisie lui soos volg:

... I shall take the term 'values' to refer to those ideas, conventions, principles, rules, objects, products, activities, practices, procedures or judgements that people accept, agree to, treasure, cherish, prefer, incline towards, see as important and indeed act upon. Such things they make objects of admiration, high levels of aspiration, standards of judgement, prescriptions for action, norms of conduct or goals of endeavour in their lives, seeing them as generally prescriptive in all their values reflection and decisions, and they commend them so to others.

Hierdie omskrywing, wat 'n groot verskeidenheid dinge as waardes beskou, beteken nie veel nie. Dieselfde vaagheid tref 'n mens ook aan by denkers soos Joas (2000), wat wel waardevolle informasie bied oor hoe waardes deur verskillende denkers in die geskiedenis beskou is, maar wie se eie visie daarop neerkom dat die kreatiewe mens self sy waardes in selfbevestiging en selftransendensie skep. Dalk dien dit as 'n vooraf waarskuwing dat dit nie 'n maklike taak sal wees om te bepaal wat 'n waarde presies is nie!

'n Konkrete voorbeeld van hierdie onduidelikheid en selfs verwarring is in 'n vorige artikel in hierdie tydskrif genoem toe die meer praktiese probleme rondom die Noordwes-Universiteit se waardestelsel bespreek is. Die geleentheid word nou gebruik om grondiger oor die teoreties-filosofiese vrae rondom die aard van waardes te besin.

1.2 Perspektief en opset

Die besinning word, na 'n oorsig oor westerse waardedenke, gedoen vanuit 'n christelik-filosofiese perspektief. Daarom is die ondersoek beperk tot enkele reformatoriese filosowe, eers twee van die ouer garde en dan vyf uit die jonger geslag. Elkeen van hulle lewer 'n eie bydrae. D.H. Th. Vollenhoven toon byvoorbeeld duidelik aan wat die plek van waardes in 'n mens se hele werklikheidsvisie is. H.G. Stoker besin oor die status en gesag van waardes. Op ander punte bied ook J. Olthuis, S. Fowler, J.J. Venter, J.P.A. Mekkes en D.F.M. Strauss verheldering. Sáám stel die denkers 'n mens in staat om waardes se plek, aard en status (gesag) duideliker te omskryf. Dit sal gedoen word in enkele samevattende stellings, wat moontlik die probleme – ook by die NWU – kan help opklaar.

Aangesien een van die gevolgtrekkings waartoe die ondersoek kom, is dat waardes nie in staat is om voldoende rigting aan te dui nie, sal ook besin moet word of daar nie alternatiewe moontlikhede is wat vir die NWU en ander organisasies en instellings, wat 'n verskeidenheid lewensvisies moet akkommodeer, 'n beter oplossing as bloot 'n algemene waardegedreweheid kan bied nie.

2. 'n Historiese oorsig oor die geskiedenis van westerse waardefilosofieë

The reason why modern life has become so superficial while the profound has visibly fallen by the wayside can be attributed directly to ... modern perceptions as regards values ... thoughts and actions are no longer controlled by standards that derive from a transcendent, supra-individual source of authority. On the contrary, they are regulated and controlled by arbitrarily chosen values that are relative in that they are valid for each individual person and no one else, and only in a specific and unique situation. (Schoeman, 2009a:2; vgl. ook Schoeman, 2006; 2009b.)

Hoe kon so iets gebeur?

Om 'n antwoord daarop te vind, word die ontwikkeling van normatiewe en waardedenke in die Weste geskets, sodat ook die bydraes van die reformatoriese denkers (heelwaarskynlik ook nie sonder beïnvloeding van die voorafgaande geskiedenis nie) duideliker teen hierdie agtergrond gesien kan word.

Vanuit 'n neutraler hoek is ouer werke wat geraadpleeg kan word dié van Van Oyen (1962), Kasbauer (1962) en Von Rintelen (1972)

en meer resente werke dié van Andrew (1995), Aspin en Chapman (2007) en Joas (2000). Vir die volgende oorsig word veral gesteun op werke vanuit 'n reformatoriese perspektief soos die ouer werke van Mekkes (1949) en Vollenhoven (herpublikasies in 2000 en 2005b) en jonger geskifte soos dié van Klapwijk (1977; 1986), Kok (1998) en Strauss (2009).

2.1 Die breë verloop

Wat hierna in meer detail uiteengesit word, kan oorsigtelik soos volg saamgevat word:

- Reeds vroeg in die geskiedenis van die westerse denke (tydens die Hellenistiese filosofie) word die riglyne vir die menslike lewe by wyse van die aprioriteitstema (aangebore riglyne) in die menslike verstand geplaas. Reformatoriese denkers dui dit as “subjektivisme” aan, omdat 'n subjek nou die norm word. Omdat God nie geken/erken is nie, is Hy ook nie as Wetgewer erken nie, maar moet die menslike verstand in sy plek as wetgewer optree.
- Gedurende die rasionalistiese denke (\pm 1600-1900) word die menslike verstand tot 'n Rede verabsoluteer. Die mens word deur middel van die Rede – 'n versinsel – tot outonome wese (eie wetgewer) verhef. Daar is geglo dat die rede (in sy teoretiese en/of praktiese gedeelte) universele, algemeen-geldige, neutrale riglyne vir denke en dade sou kon voorskryf wat deur alle normale mense aanvaar behoort te word.
- Die irrasionalisme, sterk deur die historisme beïnvloed, ontmasker egter die idee van bohistoriese, vaste, neutrale riglyne. Die teoretiese rede word gedegradeer en een of ander verabsoluteerde faset van die praktiese lewe (bv. mag, nut of vryheid) moet nou die waardes vir die menslike lewe verskaf. Ook die irrasionalisme en postmodernisme ontkom dus nie aan die subjektivisme nie. Die mens (subjek) fabriseer steeds self sy eie, outonome waardes.

Hier volg besonderhede oor die steeds toenemende subjektivisme ten opsigte van waardes binne die westerse denke.

2.2 Die rasionalisme: geldigheid van waardes verseker deur 'n fiktiewe rede

God se riglyne (sy skeppingsordeninge en sentrale liefdeswet) word reeds vroeg in die westerse denke – alreeds by die Grieke – vervang deur dit wat die mens self met sy verstand kan bedink.

2.2.1 Die verstand word 'n Rede

By die rasionalisme (1600-1900) gebeur dit deur die normatiewe riglyne apriories, dit wil sê binne die Rede (dus 'n verabsoluteerde verstand), te plaas. Daarmee sou aan menslike denke en daade 'n vaste grondslag gegee word.

Kok (1998:126), en natuurlik ook die hedendaagse postmodernisme, ontmasker hierdie gewaande sekerheid:

The term 'rationalism' means the exaggeration and over-estimation of *ratio*. What does *ratio* mean? It means 'reason'. But reason is actually a human concoction. Ignoring God and his Word, creaturely human understanding gets outfitted with universally binding and absolutely certifying a prioris that are supposed to guarantee truth and meaning to everyone following it. *Rationality* then takes on the status of God's Word ... As such, the term 'reason' is a pagan concept. God did not give 'reason' to human beings, but the ability to distinguish, to discover, and to understand. The concept 'reason' with its attending a prioris is the product of an apostate illusion.

Dit is belangrik om, voordat meer oor die verskillende stromings binne die rasionalisme gesê word, in gedagte te hou wat Kok sê, naamlik dat die Rede 'n versinsel of fiksie was en dus nie die nodige rigting vir menslike denke en daade sou kon bied nie.

2.2.2 Verskil tussen ouer en jonger rasionalisme

By die ouer rasionalisme (1600-1830) het die rasionele aprioriese riglyne veral die karakter van teoretiese konsepte en oordele gehad, terwyl hulle by die jonger rasionaliste (1830-1900) as die korrekte metodes beskou word. Terwyl die inhoud van die denke dus vroeër belangrik was, word die denkaktiwiteite later belangrik (vgl. Vollenhoven, 2005b:80; en Kok, 1998:127). Die kwessie van waardes (vir die regte handelings) kom daarom ook eers in die latere rasionalisme duidelik na vore.

Behalwe teorie is daar ook die alledaagse praktyk. In die mate wat die een of die ander van hierdie twee fasette beklemtoon is, het dit

tot gevolg gehad dat sowel die vroeë as later rasionalisme elk drie verskillende substrome opgelewer het.

2.2.3 Drie substrome

Binne die ouer rasionalisme was daar eers 'n stroming, die scientialisme, wat wetenskaplike kennis oorskat. Die reaksie daarop was die verligtingsdenke wat praktikalisties dink, omdat hulle – nog steeds rasionalisties – op nie-wetenskaplike kennis wou klem lê. Toe die stryd tussen hierdie twee filosofiese stromings (scientialisme en praktikalisme) te hewig geword het, volg 'n derde, die idealisme, wat versoening nastreef.

Die bekendste verteenwoordiger van laasgenoemde rigting was Kant (1724-1804). Hy erken, naas teoretiese aprioriese riglyne (vir die regte denke), ook praktiese aprioriese norme – later “waardes” genoem – vir menslike gedrag. As gevolg van sy onderskeid tussen 'n teoretiese en 'n praktiese rede, ontstaan daar 'n dualisme tussen wetenskap, wat met feite te make het, en moraliteit of etiek wat eintlik nie 'n wetenskap genoem kan word nie. Hiermee word die deur vir die sekularisme oopgemaak. Die fundamentele, omvattende en rigtinggewende betekenis van religie en christelike geloof word tot die etiese en die persoonlike lewe ingeperk en gereduseer.

Op hierdie hoofstroom van die ouer rasionalisme volg die hoofstroom van die later rasionalisme, ook met drie substromings, naamlik die positivisme (wat weer scientialisties dink), die neo-positivisme (praktikaliste) en die neo-idealisme (wat weer 'n kompromie probeer bewerk).

2.2.4 Waardefilosofieë

Dit is veral by laasgenoemde stroming (ook genoem die neo-Kantiaanse of Badense skool) waarin die waardefilosofie aan die begin van die twintigste eeu 'n hoogbloei beleef (vgl. Mekkes, 1949; Strauss, 2009:289). Belangrike figure in hierdie verband was Windelband (1848-1915) en Rickert (1863-1936). Mekkes (1949:7-21) bied vanuit reformatoriese hoek 'n indringende bespreking van Rickert se waardefilosofie. Volgens Vollenhoven (2000:150, 171) dink albei hierdie denkers in hulle finale fases idealisties. Waardes vir die praktiese handelings van die mens is nog in die redelike apories gegrond en geld dus universeel vir alle mense en tye.

Rickert se neo-idealistiese (neo-Kantiaanse) filosofie blyk duidelik uit sy poging tot 'n versoening tussen die wetenskaplike rede van die

positivisme en die praktiese rede van die neo-positivisme. Hy onderskei tussen die natuurwetenskappe wat feite sou ontdek en die geesteswetenskappe wat waardes sou bied. (Vir verdere besondere oor Rickert se waardedenke, vgl. Dooyeweerd, 1953:125, 136; 1957:50.)

Kok (1998:151) verduidelik:

According to these neo-Kantians, facts are things that can be objectively and certainly known, while values are creations of the mind that have no validity apart from the human need to give meaning to the world. That the atomic number of barium is 56 is a fact and to think otherwise is to be mistaken. But it is only a 'value' to believe that crime should be punished, that adultery is wrong, or that Jesus is the Christ. People can think differently about these matters, but they can't be wrong. Facts are true as such, values are true only to the extent they are widely held and valued. ... Given the way most people talk about 'values', and what that talk usually implies, it is almost impossible for Christians, especially in an academic setting, to believe that 'You shall not murder' is as much a fact as 'Water freezes at 32 degrees Fahrenheit'.

Jongeneel (2010:19) verduidelik die dualisme tussen feite en waardes op 'n soortgelyke manier. Geloofsuitsprake soos "diefstal is sonde" of "Jesus is ons Saligmaker" word tot waardes gereduseer. 'n Mens kan wel besluit dat diefstal sonde is, maar dit is 'n subjektiewe waardeoordeel en bevat geen objektiewe status nie. God se verordening word dus vereenselwig met en gereduseer tot menslike menings.

God se wet geld egter vir alle mense, terwyl menslike waardes 'n bepaalde reaksie, in gehoorsaamheid of ongehoorsaamheid, daarop is. So 'n antwoord is dus altyd beperk, feilbaar en subjektief van aard. Jongeneel verwys in hierdie verband na Dooyeweerd se onderskeid tussen die wetsy en die subjeksy van die geskape werklikheid.

2.3 Die historisme en irrasionalisme: waardes slegs persoonlike, histories-relatiewe riglyne

Reeds die latere neo-idealisme (Klapwijk, 1986:78 noem hierdie stroming "historiese neo-rasionalisme") is deur die historisme beïnvloed, terwyl die irrasionalisme nog sterker onder die invloed daarvan sou kom.

2.3.1 Historisme

Strauss (2009:289) verduidelik:

Whereas the neo-Kantian philosophers defined a view of ideal (supra-temporal) values that are supposed to be *valid*, the co-determining influence of historicism eventually relativized ('temporalized') the status of values – they were turned into our personal (unique and historically determined) choices of what ought to be, what we hold to be desirable. (Vgl. ook Kok, 1998:149.)

Klapwijk bied die volgende omskrywing van hierdie belangrike filosofiese stroming:

Historisme beteken in dit verband die opvatting dat heel de werkelijkheid, althans heel de menslike werkelijkheid, als door en door historisch benaderd dient te worden. Dus ontstaat er een historische rechtschool, een godsdiensthistorische theologie, historische taalwetenschappen, enz. Taal, recht en godsdienst zijn immers, zoals de andere cultuurphenomenen, 'im Werden begriffen'. Het historisme is m.a.w. te zien als een soort kultuurhistorische evolutionisme. Zoals Darwin de constantheid van de biologische soorten zou verwerpen, zo verwerpt het historisme de constantheid van redelijk-zedelijke en culturele maatstaven. (Klapwijk, 1986:80-81.)

Tereg vra Klapwijk direk na hierdie beskrywing van die historisme:

Hamvraag voor het historisme wordt het vraag naar houvast in een wereld waarin waarden wankelen, waarin maatstaven opgaan, blinken en verzinken ... Heeft de wijsbegeerte dan nog een been om op te staan? Haalt de tijd niet ieder filosofische positie onderuit?

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die neo-idealisme (Vollenhoven) of die historiese neo-rasionalisme (Klapwijk) as laaste stroming binne die slotperiode van die rasionalisme reeds 'n oorgangsfase na die irrasionalisme vorm. Die status en gesag van waardes word steeds meer wankelrig en onseker.

2.3.2 Irrasionalisme

Die irrasionalisme was 'n reaksie (vanaf ongeveer 1900) teen die rasionalisme. Dit verwerp egter nog steeds nie die grondliggende idee van die mens as eie wetgewer (outonomie) nie. So 'n idee is, terloops, 'n teenstrydigheid: 'n mens kan nie terselfdertyd baas, die wetgewer, en klaas, die onderhorige wees nie. Die irrasionalisme

bestry wel die idee dat die mens langer tevrede moet wees aan die leiband van algemeen-redelike reëls. Soos Klapwijk (1986:115) dit duidelik stel, beteken irrasionalisme nie dat die mens as *onredelik* beskou word nie, maar as *voor-* of *bo-redelik* (vgl. ook Vollenhoven, 2005b:83-84). Die Rede word nie heeltemal verwerp nie, maar nou met 'n klein letter (rede) geskryf, dit word tot 'n laer vlak gedegradeer.

Die irrasionalisme was dus ook niks minder subjektivisties as die rasionalisme nie. Dit soek nog steeds die riglyne vir die lewe in die subjek of geskapene.

2.3.3 Drie substromings

Die substromings binne die irrasionalistiese filosofie ontstaan as gevolg van die feit dat hulle verskillende dinge (subjekte) as normatief beskou. Enkele voorbeelde is die volgende:

Vir die pragmatiste, soos William James (1842-1910) en John Dewey (1859-1919) (vgl. Hart, 1966; Joas, 2000 vir besonderhede oor Dewey se idees oor waardes) is nuttigheid die hoogste waarde. Vir eksistensialiste soos Jean-Paul Sartre (1905-1980) is menslike vryheid die maatstaf. Vir lewensfilosowe soos G. Simmel (1858-1918) is dit menslike mag (vir besonderhede vgl. Joas, 2000). Onder die ander lewensfilosowe wat 'n belangrike bydrae tot die populariteit van waardes gemaak het, moet veral twee denkers vermeld word, naamlik Nietzsche (1844-1900) en Max Scheler (1874-1928). Hulle waardebeskouings word onder andere breedvoerig in Joas (2000) bespreek.

Nietzsche beskou waardes as dit wat die sterkste individu dien. Die wil tot mag is dus die hoogste waarde. Hy is bekend vir sy "Umwertung aller Werte", met ander woorde dat die bestaande (westerse en christelike waardes) omgekeer moet word en nuwe, sekulêre waardes in die plek daarvan geskep moet word (vgl. Andrew, 1995:119 e.v.).

Scheler was ook 'n lewensfilosoof binne die irrasionalisme, maar minder radikaal as Nietzsche. (In 1925 was hy H.G. Stoker se promotor.) Hy beskou waardes as objektiewe fenomene wat in vier groepe ingedeel kan word, naamlik dié wat sintuiglik ervaar word, dié wat vitaal ervaar word (bv. die ware, goeie en skone à la Plato), dié wat geestelik ervaar word en, ten slotte, die hoogste waardes, naamlik dié wat in die liefde ervaar word. Sodanige waardes is volgens Scheler onafhanklike entiteite van die subjek. As fenomene

is hulle aantoonbaar, maar egter net so onbeskryfbaar as die dinge self. Waardes word deur 'n waardegevoel, wat eers by die mens gewek moet word, geken. Hierdie onsekerheid oor die aard van waardes lei tot 'n groot verskeidenheid (morele) waardes asook tot die feit dat daar behalwe waardebesef ook waardeblindheid bestaan. (Vir meer besonderhede oor Scheler se fenomenologiese waarde-etiek, vgl. Mekkes, 1949:22-35; Joas, 2000.)

'n Ander belangrike waardefilosoof (uit dieselfde stroming as Scheler) is Hartmann (1882-1950) oor wie Mekkes (1949:48-62) breedvoerig handel, sodat sy denke nie weer hier bespreek hoef te word nie. Vele ander denkers moet ook hier oorgeslaan word soos byvoorbeeld J. Harbermas (vgl. Joas, 2000; en Klapwijk, 1977:64-93) en die meer resente Charles Taylor (vgl. Joas, 2000).

2.4 Waardes in die huidige postmodernisme

Die hedendaagse postmodernistiese denke vertoon nog steeds sterk histories-irrasionalistiese trekke. Waardes is nie meer redelik van aard nie en wat hulle presies is, is moeilik vasstelbaar.

... Postmodernism has shattered many taken-for-granted 'grand narratives' about shared values and universal moral truths. In their place we see a greater diversity of moral beliefs and practices, an increase in moral uncertainty and scepticism, and an ironic, almost playful detachment ... (Aspin & Chapman, 2007:xiii).

2.5 'n Nuwe post-postmodernisme?

Die heel nuutste tendens, veral onder die jonger geslag in Europa, toon volgens Reitsema (2010) egter 'n wegbeweeg van die apatie en relativisme van die postmodernisme. Op talle lewensterreine stel westerse mense – tipies antirasionalisties – hulle vertrou al meer in hulle eie intuïsie. Ook op akademiese terrein word al meer aandag daaraan gegee. Volgens voorstanders daarvan het 'n mens nie die lang en stadige weg van redelike filtrering nodig om te bepaal wat waardevol en waardeloos is nie. Vertrou jou intuïtiewe aanvoeling wat onmiddellik vir jou uitsluitel kan gee. Jou "gut feeling" sê duidelik vir jou wat om te doen.

Volgens sommige mense funksioneer die intuïsie onverklaarbaar en outomaties. Volgens ander is dit egter 'n kombinasie van aanleg en die neerslag van ervarings.

Reitsema noem dit wel “intuisionisme”, maar nie in die dieselfde sin as wat dié term in die wiskunde gebruik word nie. Dit is ’n lewensvisie wat nog steeds ’n oordrewe vertroue in ’n faset van die menslike gees openbaar. Net soos ’n mens se verstand en gewete iets feilbaars is, só is ook jou intuïsie. Die nuwe stroming het dus nog steeds nie die oeroue subjektivisme van die westerse denke oor normatiewiteit en waardes oorwin nie.

2.6 Slot: die lingua franca van vandag

Soos reeds aan die begin van hierdie artikel aangedui, het waarde-taal die lingua franca van die kontemporêre wêreld geword. Een skrywer begin alreeds ’n tydjie gelede sy werk oor waardes soos volg:

The language of values has become the currency of everyday life. It informs our attempts to describe our cultural horizons and to cross cultural boundaries. It provides a vocabulary for our personal and political choices. The language of values comprehends the goals and purposes, the qualities or characteristics, and the sense of what is fitting, attractive, or useful to our daily lives ... Not to put a too fine point on it, we breathe and excrete values. No aspect of human life is unrelated to values, valuations and validations. (Andrew, 1995:xi.)

2.7 Enkele gevolgtrekkings

Voordat gekyk gaan word na wat reformatoriese denkers oor waardes geleer het, eers ’n aantal gevolgtrekkings met betrekking tot waardes in die geskiedenis van die sekulêre westerse filosofie.

- Dit het duidelik geblyk dat hierdie denkers, behalwe die vraag oor wat *is* (bestaan), ook die vraag probeer beantwoord het van wat *behoort* gedoen te word. Behalwe die strukturele, dus ook ’n direksionele vraag. Waardes moes op die praktiese terrein die koers aandui.
- Die waardedenke van die Weste is onlosmaaklik verbonde aan die geloof dat die mens sy eie wetgewer en dus waardegewer is. ’n Transendente bron word steeds meer uitdruklik verwerp.
- Dit lei daartoe dat algemeen-geldende waardes (binne die rasionalistiese denke) in die mens se verabsoluteerde verstand veranker is. Die irrasionalisme, daarteenoor, neem sy toevlug vir normatiewiteit tot een of ander nie-redelike terrein. Waardes bly egter steeds subjektivisties benader en kan gevolglik nooit werk-

like normatiewe krag besit nie. Von Rintelen (1972) is 'n duidelike voorbeeld daarvan. Aan die een kant veg hy vir die objektiwiteit van alle waardes, maar aan die ander kant bly hy ook beklemtoon dat hulle subjektief is.

- Die hedendaagse postmodernistiese waardefilosofie ontbloot hierdie voorafgaande skynsekerhede van rasionalistiese en irrasionalistiese waardes sonder om die grondoorsaak (subjektivisme) te ontbloot. Van die bankrotenskap van die westerse waardefilosofieë word nou 'n deug gemaak: elke persoon se waardes is ewe waardevol! Van rasionalistiese absolutisme word in irrasionalistiese relativisme ten opsigte van waardes verval. Gelukkig dat konsekwente relativisme 'n onmoontlikheid is.
- Ten slotte moet in gedagte gehou word dat baie van die waardes wat vandag nagestreef word (soos bv. dié van vryheid, gelykheid en menswaardigheid) ten diepste die “navrugte” is van die christelike geloof waarvan die westerse kultuur nog nie heeltemal ontslae kon raak nie. Ons sekulêre kultuur pluk, sonder om te weet waar die wortels daarvan is, nog steeds hierdie vrugte.

Die volgende stap in hierdie ondersoek is dus om die werklike (lewensbeskoulike) wortels en die nóg dieperliggende (religieuse) voedingsbron van die boom se vrugte te ondersoek.

3. D.H. Th. Vollenhoven oor die plek van waardes

Aangesien daar waarskynlik 'n verskuiwing plaasgevind het van 'n meer gereserveerde tot 'n meer positiewe standpunt ten opsigte van waardes, word eers aan die oudste garde onder die reformatoriese denkers (Vollenhoven en Stoker) die woord daarvoor gegee. Daarna volg enkele jonger verteenwoordigers in hierdie tradisie (Mekkes, Olthuis, Fowler, Venter en Strauss) se standpunte.

In plaas daarvan om 'n samevatting van al hierdie persone se standpunte te gee, word elkeen se standpunt kortliks weergegee om so-doende aan te toon wat elke denker se besondere bydrae tot die vraagstuk was.

Van die genoemde reformatoriese filosowe het een van die vaders van hierdie beweging, D.H. Th. Vollenhoven (1892-1978), sy werklikheidsvisie (of filosofiese ontologie) die bondigste geformuleer. Waar plaas hy waardes in sy visie op die werklikheid?

3.1 God, wet en skepping

Vollenhoven (1992:55; 2005a:14) onderskei (sonder skeiding) tussen die soewereine God, sy skepping en sy wette wat Hy vir die verskillende geskape dinge gestel het en wat vir hulle geld. Die hele skepping word dus deur sy subjekwees (onderworpenheid aan God en sy wetsorde) gekenmerk. Dit is verder belangrik om tussen God se wette en die wetmatige funksionering van die skepping – die skepsele se “antwoord” op God se orde – te onderskei.

Vollenhoven beskou die wetsonderworpenheid van die kosmos nie net as belangrik in sy eie filosofie nie. Die vraag na wet/wetmatigheid speel ook dwarsdeur die geskiedenis van die westerse denke, soos reeds hierbo aangetoon, ’n sleutelrol (vgl. Vollenhoven, 2005b). Elke denkende mens stel nie net die *is*-vraag (bv. *Wie is ek?*) nie, maar moet noodwendig ook die *behoort*-vraag stel (bv. *Hoe behoort ek te lewe?*).

3.2 Twee soorte wette

Volgens Vollenhoven is die mens nie bloot ’n fisiese wese (stof), ’n biologiese wese (plante) of ’n psigiese wese (diere) nie, maar vertoon veel meer fasette (vanaf die logiese tot die geloof). Daarbenewens is die mens ook met ’n prefunksionele hart as religieuse sentrum geskep (vgl. Vollenhoven, 2005a:61).

Hiermee saam word ’n belangrike onderskeid tussen *normerende* wette by die mens en *nie-normerende* wette by die res van die skepping gemaak (vgl. Vollenhoven, 1992:56). Stof, plant en dier het nie ’n keuse of hulle God se orde wil gehoorsaam nie; die mens het dit wel. Die mens *behoort* op God se normatiewe verordeninge te antwoord deur hulle vir die eie tyd, omstandighede en in ’n spesifieke verband, instelling of organisasie te konkretiseer.

3.3 Sentrale liefdesgebod

Vir die mens geld, behalwe die reeds genoemde skeppingsordeninge, ook God se sentrale liefdesgebod teenoor God, die naaste en die res van die skepping. Vollenhoven toon aan hoe deur die hele geskiedenis van die westerse denke hierdie fundamentele wet skroemelik verwaarloos is. Iemand wat nie die ware God ken nie, erken ook nie sy belangrikste wet nie.

Die liefdeswet is egter van groot belang. Die mens, met ’n hart wat deur liefde/haat gerig word, kan nie op God se wetsorde of struktuurwette antwoord in isolasie van die liefdesgebod nie. Op die

normerende struktuurwette moet in ooreenstemming met die liefdesgebod geantwoord word. In hierdie proses kry die liefde verskillende gestaltes. Die teoloog Brillenburg Wurth (1953) het reeds aangetoon dat die liefde alleen konkreet in verskillende gedaantes bestaan, byvoorbeeld as trou in die huwelik, ouer- en kinderliefde in die gesin, geregtigheid in die politiek, en so meer.

3.4 Die gevaar van subjektivisme/objektivisme

Nie-Christelike denkers erken meestal nie God en sy wette, insluitende die liefdeswet nie, al sien hulle wetmatigheid raak. Hulle is daarom vanaf die voor-christelike, Griekse denkers geneig om die wette êrens in die skepping te soek. Anders gestel: hulle verhef die *is* (bestaande) tot *behoort*. Vollenhoven noem hierdie foutiewe visie “subjektivisme” en bedoel daarmee dat aan dit wat 'n subjek (wetsonderhorige skepsel) behoort te wees, normatiewe status toegeken word (vgl. Vollenhoven, 2005b:30 e.v.).

Voorbeelde van sulke *dinge* wat vandag *norme* word, is vooruitgang, ontwikkeling, kompetisie, menswaardigheid, gelykheid, vryheid, en nog talle ander. In baie gevalle verval die hedendaagse waardedenke dus ook in subjektivisme, omdat dinge of kwaliteite as norme beskou word. Wanneer aan die kwaliteite van dinge normatiewe status verleen word, tipeer Vollenhoven dit as “objektivisme”.

3.5 Beginsels

Soos reeds genoem, het die mens die verantwoordelikheid om (in ooreenstemming met die liefdesgebod) op God se normerende wette vir sy eie tyd en omstandighede te antwoord. Vollenhoven noem hierdie antwoord “positivering” en dit lei tot bepaalde beginsels of *principia*, wat rigting aan die mens se lewe op die verskillende terreine van die lewe gee (vgl. Vollenhoven, 1992:57).

Vollenhoven beklemtoon dat beginsels 'n feilbare menslike weergawe van God se wette is en daarom nooit met God se verordeninge vereenselwig mag word nie. Hulle bevat – selfs op hulle beste – nie meer as wat mense van God se wette kan verstaan nie. Daarom is beginsels ook nie (soos God se wetsorde) konstant nie, maar dit moet voortdurend hersien word.

3.6 Waardes

Volgens Vollenhoven (2005c:432) word waardes (soos skoonheid en geluk) eers gerealiseer nadat die mens God se normwette

gepositiveer het. Vollenhoven brei ongelukkig nie verder oor die aard van waardes uit nie. (Vgl. verder Von Rintelen, 1972, wat groot klem daarop lê dat waardes die *realisering* van dieper ideale is.)

Volgens die voorafgaande uiteensetting is daar by Vollenhoven 'n duidelike rangorde van geldingskrag. Aan God se *wetsorde* (normerend en nie-normerend) kom die hoogste gesag toe. Daarna volg menslike gepositiveerde *beginsels* van God se wet. Wanneer volgens hierdie beginsels geleef word, word verskillende soorte *waardes* gerealiseer. Anders gestel, hoe verder 'n mens van "hoog" na "laag" beweeg, hoe groter word die gevaar van menslike feilbaarheid.

In die lig van wat reeds oor die geskiedenis van die westerse denke hierbo gesê is, kan 'n duidelike verband tussen die hedendaagse klem op waardes en die subjektivisme van die hele westerse denke gelê word. Waardes verteenwoordig as 't ware die mees ekstreme vorm van subjektivistiese normatiwiteit.

Waardes bekleed dus 'n beskeie plek in Vollenhoven se hele visie op die werklikheid. Hoewel hy hulle plek duidelik aandui, sê hy ongelukkig nie veel meer oor waardes nie. Vir die aard en presiese gesag van waardes, is dit nodig om vervolgens na 'n ander vader van die reformatoriese filosofie te luister.

4. H.G. Stoker oor die aard en gesag van waardes

Ook Stoker (1899-1993) gee sy visie op waardes reeds ongeveer 40 jaar gelede. Daar word eerstens gelet op wat hy oor die hedendaagse (soos hy dit stel) "gedweep met waardes" gesê het asook die moontlike redes daarvoor. Daarna word sy eie worsteling met die karakter van waardes kortliks weergegee om vas te stel wat die presiese "gesag" van waardes is.

4.1 Kritiek op die kontemporêre waardekultus

Stoker was reeds in sy tyd krities oor die feit dat mense nuwe waardes of 'n waardebesef as 'n panasee vir die ontwrigting en verval van die samelewing (in 'n waardekrisis) beskou (vgl. Stoker, 1969: 182). Volgens hom word waardes as 'n surrogaat vir die waarheid aangebied, omdat sulke mense nie (meer) 'n besef het van wette en beginsels wat 'n mens se handelings behoort te lei nie. Hy is van mening dat waardes nie selfstandig gemaak of tot beginsels (kriteria) verhef mag word nie (vgl. Stoker, 1969:179).

Op die vraag waar die hedendaagse besondere waardebewustheid (hy praat selfs van 'n "waardekultus") vandaan kom, noem Stoker die volgende drie kenmerke van die tydsgees: wantroue in die tradisionele en redelike; die verlies aan vertroue op vaste beginsels en klem op die irrasionele; en die dinamiese konteks van die moderne kultuur (vgl. Stoker, 1970:306).

4.2 'n Eie visie

Ten spyte van hierdie kritiek, is waardes vir Stoker belangrik. Hulle bestaan (net soos vir Scheler) onties (vgl. Stoker, 1970:304). Behalwe die kosmiese dimensies van modaliteite, individuele en sosiale strukture, en gebeurtenisse, onderskei hy ook 'n kosmiese dimensie van waardes. Waardes word in die hele skepping (by stof, plant, dier en mens) gevind. Hy vestig verder die aandag daarop dat die begrip *waarde* in 'n ruimer sin gebruik kan word om sowel positiewe (goeie) waardes as negatiewe (slegte) onwaardes in te sluit. Gewoonlik word *waarde* egter slegs in die enger sin van 'n positiewe waarde gebruik. Verder mag *waarde* nie tot ekonomiese of etiese waardes beperk word nie – hy onderskei talle modale waardes (vgl. Stoker, 1969:178).

Maar wat presies verstaan Stoker onder waardes? Hy erken dat dit 'n moeilike vraag is om te beantwoord:

U weet dat die kleurkwaliteit groen is, maar vind dit moeilik om aan 'n blinde te sê wat groen is; so weet u ook wat waardes is, maar sal moeilik kan sê wat dit is. (Stoker, 1970:305. Vgl. weer die verwysing na Scheler onder 2.3.3.)

Die omskrywing wat hy nogtans gee, lui soos volg:

Waarde is 'n kwalifikasie ... waaraan mens, dier, plant en stof (in sy werklike bestaan en handeling) deel kry, as dit aan sy wese (aard, 'sin'), aan sy betrokke bestemming (taak, doel, funksie) en aan sy betrokke (daarvoor geldende) wet(te) beantwoord. 'Onwaarde' is 'n kwalifikasie waaraan 'iets' deel kry, wanneer dit nie daaraan beantwoord nie of 'n krenking daarvan is. 'Onwaarde' (of 'negatiewe' waarde) is meer as die afwesigheid of negasie van 'waarde'. Dit is sy 'positiewe' (resp. positief bestaande) 'teëkanter'. (Stoker, 1969:179.)

4.3 Enkele afleidings

Uit hierdie definisie en sy daaropvolgende verduideliking word die volgende in verband met Stoker se visie duidelik:

- Waardes is wel (sekondêre) ontiese werklikhede, maar slegs in dié sin dat hulle kwalifikasies is van (primêre) ontiese dinge (stof, plante, diere en mense), wat bestaan of handel en die “draers” van die betrokke waardes is. Om hierdie rede mag waardes nie – soos vandag meestal gebeur – verselfstandig of verabsoluteer word nie.
- Waardes en wetmatigheid moet onderskei word. Aan die een kant vereis ’n waarde (behalwe beantwoording aan die bepaalde wese of bestemming van die draer) wel beantwoording aan ’n betrokke wet. Aan die ander kant is waardes volgens Stoker méér as wetmatigheid, omdat dit ’n besondere kwalifikasie is wat met die betrokke beantwoording ontstaan. Waardes is nie self riglyne nie, maar veronderstel kriteria. Waardes is vir Stoker nie “begin-sels” nie, maar eerder “end-sels” of “geskenke” as gevolg van genoemde beantwoording van iets of ’n handeling aan sy wese, doel en wet. Tog is hulle toonbeelde of getuies van die voldoening aan bepaalde beginsels of kriteria. Waardes, so sal vervolgens blyk, het vir Stoker dus groot waarde.
- Hoewel hy waardes “ondinamies” noem (hulle is geen kragte nie), erken hy terselfdertyd dat hulle deur hulle appèl op die mens tog invloed uitoefen. Waardes skitter met ’n eie glans, dit pak en bekoor, maak aanspraak op en oortuig (vgl. Stoker, 1969:180; 1970:305). Terwyl waardes aantrek, stoot onwaardes af (Stoker, 1970:305): Wie deur lyde ontroer word, bied hulp; wie mishandeling aanskou, tree op. Op hierdie wyse lyk dit asof Stoker tog tot ’n mate die rigtinggewende krag van waardes erken – al is dit slegs sekondêr.
- Stoker is egter krities teenoor die idee van waarderealiserings of waardeverwesenliking, omdat waardes (as die *kwalifikasie* van iets wat die *resultaat* is van die beantwoording aan iets/’n handeling se wese, doel en wet) nie op direkte wyse gerealiseer kan word nie. Die hedonistiese paradoks (hoe meer ’n mens genot najaag, hoe minder sal jy dit bereik) geld volgens Stoker ook vir waardes in die algemeen: hoe meer ’n mens hulle najaag, hoe meer sal hulle jou ontglip.
- Waarde is dus volgens Stoker (soos ook vir Scheler, vgl. 2.3.3 hierbo) ’n taamlik ongrypbare “fenomeen”. Dit geld ook die wyse waarop ’n mens hulle leer ken. Dit kan volgens hom (vgl. Stoker, 1970:304) op twee maniere gebeur: Indirek, deur insig in norme (beginsels) en die toepassing van ’n norm in ’n spesifieke geval; direk (vgl. weer Scheler), deur ’n onmiddellike (emosioneel-waar-

derende, intuïtief-kognitiewe) keuring van 'n waarde of onwaarde.

- Ten slotte is waardes, volgens Stoker, nie tot die etiese beperk nie. Hy bied (vgl. Stoker, 1970:304, 305) ook 'n indeling van die verskillende soorte waardes volgens sy onderskeid tussen die verskillende ryke en sy reeds genoemde drie eerste kosmiese dimensies: stof-, plante-, diere- en mensewaardes; modale waardes, soos godsdienstige, sedelike, estetiese, juridiese en ekonomiese waardes; en middel- en doelwaardes, opvoedingswaardes en so meer (volgens die kosmiese dimensie van individuele en sosiale strukture).

4.4 Waardering

Stoker se worsteling met wat die aard en gesag van waardes is, bied ongetwyfeld verdere verheldering op wat reeds by Vollenhoven gevind is.

- Hy toon eerstens aan dat waardes in die lug hang as hulle verselfstandig word en losgemaak word van dieperliggende beginsels of norme. Waardes kan dus ook nie direk nagestreef/verweselik word nie – hulle is “geskenke” of kwalifikasies wat eers ontstaan nadat hulle draers aan sekere kriteria beantwoord het.
- In die tweede plek is waardes egter nie vir Stoker waardeloos nie. As gevolg van hulle aard kan hulle tog 'n appèl of aanspraak op 'n mens maak, en jou oortuig om goed en reg op te tree. Saamgevat sou 'n mens kon sê dat waardes taamlike “wollerige” dinge of eienskappe van dinge is, omdat hulle volgens Stoker “tussen” feitlikheid en normatiewiteit lê; 'n soort “mengsel” is van 'n feit (kwalifikasie) en terselfdertyd iets met 'n (afgewaterde) normatiewe aard.
- In die derde plek is dit belangrik dat Stoker, al sê hy nie veel meer daaroor nie, waardes nie tot die mens alleen beperk nie. Stof, plante en diere het ook hulle eie, inherente waarde, ten spyte daarvan dat daar in hulle geval nie (soos by mense) van behorensiese sprake is nie.

5. Besinning oor waardes by latere reformatoriese denkers

Hier word agtereenvolgens gelet op die bydraes van Olthuis, Fowler, Venter, Mekkes en Strauss.

5.1 Olthuis oor die subjektiwiteit van waardes

Soos Vollenhoven gaan Olthuis (1968:182-204) uit van God se wetsorde, wat deur die mens (met die sentrale liefdesgebod as riglyn) vir 'n bepaalde terrein van die lewe tot beginsels gepositiveer moet word. In die mate waarin 'n groot verskeidenheid feite en handelings aan die goddelike wette en die menslike positiverings daarvan beantwoord, word waardes (van verskillende aard) gerealiseer. Kort gestel: wette geld vir verskillende dinge in die skepping en dié dinge het waarde in sover hulle aan die goddelike wette en menslik geformuleerde beginsels beantwoord.

5.1.1 Die aard van waardes

Volgens Olthuis (net soos vir Stoker) is waardes dus nie dieselfde as wette of beginsels nie, maar dinge, feite, gebeure, handelings, en so meer. Waardes ontstaan eers wanneer daar (positief) in voldoende mate aan wette en beginsels (ook norme genoem) beantwoord word. Wanneer dit nie gebeur nie, word negatiewe "waardes" gerealiseer. Indien 'n mens egter waardes as normatief beskou, maak jy van 'n ding (of sy eienskappe) 'n maatstaf, verhef wat *is* tot wat *behoort* en verval in subjektivisme – in dié sin dat wat 'n subjek of onderwerpene aan 'n wet/norm behoort te wees, self tot normatiewe status verhef word.

5.1.2 'n Dubbele karakter

Olthuis is dus baie versigtiger as Stoker om normatiewe krag aan waardes toe te ken. Twee punte by Olthuis waarin hy egter met Stoker ooreenstem, is die volgende. Aan die een kant is waardes blote dinge (of eienskappe van dinge) en nie wette of norme nie. Aan die ander kant is hulle egter ook nie blote subjektiewe (en dus relativistiese) menslike konstruksies nie (vgl. die subjektivisme in die westerse denke). In die mate waarin waardes op 'n goddelike skeppingsorde (en liefdesgebod) en die mens se (korrekte) positivering daarvan gegrond is, besit hulle tog 'n mate van normatiewe oordeelingskrag. 'n Mens sou waardes dus normatieweiteit op 'n derde vlak kon noem. Eers God se wet, dan die mens se beginsels/norme, en laastens volg waardes (vgl. 3.6 hierbo).

5.2 Fowler: waardes altyd op iets dieper gegrond

By Fowler vind ons nie 'n uitgebreide besinning oor waardes nie. Anders as die voorafgaande reformatoriese denkers is hy ook positiewer daarteenoor ingesteld.

5.2.1 'n Duidelike rangorde

Volgens hom is verskillende soorte waardes (soos bv. opvoedkundige waardes) gegrond op meer algemene lewenswaardes (= oortuigings oor die waarde van die menslike lewe), wat vanuit 'n bepaalde omvattende lewensvisie ontwikkel, terwyl 'n spesifieke religie (*commitment*) die hart van so 'n lewensbeskouing vorm (vgl. Fowler *et al.*, 1990:52).

Ten spyte van sy groter openheid teenoor waardes stem hy dus met die voorafgaande reformatoriese denkers daarin ooreen dat waardes nie dinge is wat in die lug hang nie. In die geval van die Christen sal hulle byvoorbeeld die uitvloeisels wees van 'n christelike lewensvisie, wat op sy beurt op gehoorsaamheid aan God en sy Woord en wette gegrond is.

5.2.2 Gevare

Fowler *et al.* (1990:53) waarsku dat waardes (hy gee voorbeelde van sodanige sekulêre onderwyswaardes) as gevolg van die verkeerde, dieperliggende religieuse bron waaruit hulle spruit, die lewe van mense groot skade kan aandoen.

Soos reeds gesê, lê hy klem op 'n verskeidenheid waardes van toepassing op eiesoortige lewensterreine. Hy is krities as mense die onderwys ('n eiesoortige terrein) met morele waardes (op die etiese terrein) probeer "regdokter". Van die *value-added* model van onderwys sê hy:

There is no doubt that Christian teachers should teach and model sound moral values. However, this does not alter the secularist nature of the educational process ... The main body of learning remains shaped by a secularist worldview. (Fowler, 2008:51.)

5.2.3 Instemming

Twee Suid-Afrikaanse skrywers oor waardes in die onderwys (De Klerk & Rens, 2003) neem Fowler se standpunt oor waardes as basis vir hulle artikel. Hulle lê dwarsdeur daarop klem dat waardes alleen waarde het indien hulle lewensbeskoulik begrond word. Christelike waardes moet dus op 'n christelike lewensvisie gegrond word.

Hulle staan dan ook krities (De Klerk & Rens, 2003:366 e.v.) teenoor die tien waardes in die *Manifesto of values, education and democracy* (South Africa, 2001), omdat die waardes deur politici opgestel

is, van 'n politieke proses afhanklik is, uit 'n sekulêre menseregtefilosofie afkomstig is, slegs 'n implisiete moraliteit bevat en dus feitlik inhoudloos is. "Values acquire meaning only when filled with life-view contents." (De Klerk & Rens, 2003:368.)

5.3 J.J. Venter se bydrae: waardes se oorspronklike ekonomiese markagtergrond

Venter bied nog verdere verheldering oor die ontstaan van die waarden en die toepassing op die gebied van (hoër) onderwys.

5.3.1 Twee betekenis

Hy (vgl. Venter, 1994:272-274) onderskei tussen die "gangbare" (meestal net ekonomiese of morele) betekenis van waarde en die meer filosofiese konnotasie en gee van albei 'n kort historiese agtergrond.

Die populêre betekenis stam volgens hom oorspronklik uit die handelswêreld. Dit het die gelykwaardigheid van 'n transaksie aangedui. Vier skape is byvoorbeeld vir ses sakke koring geruil, omdat die koring as gelyk in waarde van die skape beskou is, of tans word vyf sakke koring vir R1 000 gekoop. Die waarde van een kommoditeit word dus bepaal in terme van die vaste waarde van 'n ander – ook al is die konkrete waarde van hedendaagse banknote byna waarde-loos. Hierdie gebruik is analoog aan ander maniere van meet deur middel van byvoorbeeld 'n maatstok, weegskaal of termometer. Hierdie gedagte oor die oorsprong van waardes word ondersteun in die werk van Andrew (1995:xv) wat stel dat die waardegier oorge-spoel het vanuit die ekonomiese wêreld toe begin is om hierdie vakgebied as iets neutraals te beskou. Hy toon verder aan dat, nadat die etiese element uit die markwêreld verdwyn het, die filosofie van byvoorbeeld Nietzsche die gesprek rondom waardes begin beheers het.

Die gebruik van 'n waarde het dus slegs betekenis indien die grondliggende maatstaf of norm bekend is. Dit geld ook indien die begrip *waarde* in 'n breër kulturele betekenis gebruik word. 'n Waardesisteen (selfs met prioriteite) het geen sin indien die (implisiete) norm of standaard nie bekend is nie. In albei hierdie meer populêre asook filosofiese gebruik (vgl. 2 hierbo) van die begrip is waardes volgens Venter dus iets vaags en onduideliks indien nie duidelik gestel word op watter grondliggende standarde of norme hulle gebaseer is nie.

5.3.2 Toepassing op christelike onderwysinstellings

Venter (1994:261-264) toon verder aan hoe daar, in ooreenstemming met die tydsgees, die afgelope eeu 'n duidelike verskuiwing by instellings vir christelike hoër onderwys ten opsigte van hulle grondslae plaasgevind het: van beginsels na doelstellings en waardes. Gedurende die rasionalisme was 'n beginselgrondslag (ook by christelike instellings) in die mode. Sekere doelstellings was gewild toe onderwysinstellings ideologies gedrewe was deur byvoorbeeld Marxisme, nasionalisme, pragmatisme en kapitalisme. Net so lei vandag se waardegedreweheid (wat nie dieper begrond word nie) tot subjektivisme en relativisme.

Venter (1994:275-276) is dus van mening dat (in elk geval vir 'n christelike instelling vir hoër onderwys) spesifieke (akademiese) norme die beste grondslag bied. 'n Normatiewe basis hou sekere voordele bo die ander tipes grondslae in, maar voorkom terselfdertyd ook hulle gebreke.

Dit voorkom eerstens (teenoor beginsels as grondslag) 'n logies-rasionalistiese sisteem (dogmaties uit die Skrif afgelei) as grondslag. Terselfdertyd erken dit duidelike norme vir die christelike geloof, sonder om van die Bybel 'n handboek te maak of die wetenskap aan dogmaties-teologiese uitgangspunte te verbind. In die tweede plek voorkom dit ook 'n ideologiese, totalitaristiese doelstelling as grondslag. In die derde plek word die relativisme van 'n aantal vae waardes as riglyn vermy.

5.4 J.P.A. Mekkes en D.F.M. Strauss: verteenwoordigers van die Dooyeweerdiaanse lyn

Weens gebrek aan ruimte moes in hierdie oorsig oor reformatoriese visies op waardes een van die "vaders" van hierdie tradisie, Dooyeweerd (1894-1977), ongelukkig uitgelaat word. Om hierdie leemte te vul, word twee opvolgers van Dooyeweerd, Mekkes (1898-1987) en Strauss, kortliks oor waardes aan die woord gestel. Die opvoedkundige, Schoeman (2006; 2009a; 2009b) doen sy analise ook vanuit 'n Dooyeweerdiaanse perspektief.

5.4.1 Mekkes

Hierdie denker (vgl. Mekkes, 1949) besin alreeds teen die helfte van die vorige eeu oor die verskillende waardefilosofieë (vgl. 2.2.4 hierbo) wat destyds gangbaar was. Sy eie standpunt kom op die volgende neer.

- **Kritiek**

Soos sy voorgangers het ook Mekkes kritiek teen die subjektivistiese karakter van gangbare waardeteorieë, op grond daarvan dat hulle in die outonome mens (subjek) gegrond sou wees (vgl. Mekkes, 1949:67, 68). Verder kan waardes ook nie rasionalisties (met behulp van die Rede) begrond word nie, maar alleen in voor-teoretiese geloofsvooronderstellings (Mekkes, 1949:68).

- **Eie standpunt**

Self onderskei Mekkes tussen die natuurlike, nie-normatiewe fasette van die werklikheid (vanaf die ruimtelike tot die psigiese) en die normatiewe aspekte (die logiese tot die pistiese), waar menslike verantwoordelikheid ter sprake kom. Alleen op laasgenoemde terrein kan, volgens hom, van waardes sprake wees (vgl. Mekkes, 1949:62). Dit impliseer egter nie die valse neo-Kantiaanse dualisme tussen dit wat die mens kan weet (feite) en wat hy waardeer nie (waardes).

Volgens hom (Mekkes, 1949:68) word waardes geaktualiseer in die spanning tussen die mens se struktuur- of wetsgebondenheid aan God se skeppingsorde en sy verantwoordelikheid. Waardes ontleen dus hulle “gesag” aan die voortstuwende normatiewe dinamiek van God se wet (Mekkes, 1949:69). Hy gaan nie verder op die vraagstuk van positivering in nie.

5.4.2 Strauss

Strauss (2009:288-298) maak onderskeid tussen (goddelike) beginsels en die (menslike) positivering daarvan en sy bydrae lê veral daarin dat hy op die hele proses van menslike positivering van God se verordenings ingaan.

- **Verwerp ook outonomie en subjektivisme**

Vooraf moet gesê word dat Strauss, soos al sy voorgangers in die reformatoriese tradisie, die gedagte van menslike outonomie verwerp. Dit lei tot 'n subjektivistiese visie op beginsels, norme en waardes (Strauss, 2009:290). Om dit te oorkom, moet van uitgangspunte (“beginsels” genoem) uitgegaan word.

In hierdie verband wys hy eers op twee teenoorgestelde standpunte in die westerse denke. Aan die een kant is daar diegene wat in die universele en permanente gelding van norme/waardes glo. 'n Voorbeeld daarvan in die regte is die idee van 'n natuurwet. Aan die ander kant is daar denkers wat van mening is dat norme en waardes

nie algemeen en altyd geldend is nie, maar wel veranderlik is. Verteenwoordigers van die regspositivisme dien as voorbeeld. 'n Mens sou kon sê dat eersgenoemde beginsels oorbeklemtoon, terwyl laasgenoemde die menslike positivering daarvan verabsoluteer (Strauss, 2009:298). Die regte oplossing is volgens hom om sowel die verskil as die samehang tussen 'n beginsel en die positivering daarvan te erken.

- **Beginnels as godgegewe vertrekpunte**

In die lig hiervan formuleer hy sy eie standpunt soos volg. Hy begin by God se skeppingsorde:

God's creational will approaches humankind as constant points of departure and humankind's calling is to give concrete effect to these points of departure as cultural shaper, according to the unique historical circumstances of a particular cultural period. Without foundational constant principles, it would be impossible to speak of *adaptation, dynamics, concretization, application or positivization*. Only in the light of the Scriptures does the Christian realize that God set his creation-wide law for being human (his Law-Word), and that its central unity and fulness exist in the law that commands us to love God and our neighbour with all our heart. (Strauss, 2009:290.)

Strauss (2009:291) beklemtoon dat die ontologiese beginsels of beginpunte (God se skeppingsorde) nie die resultaat is van menslike intervensies of konstruksies nie – hulle lê ten grondslag aan alle menslike konstruksies oor normatiwiteit en waarde. Die ontologiese beginsels is konstant en universeel in dié sin dat geen mens op enige tyd en plek aan hulle normatiwiteit kan ontkom nie (Strauss, 2009:293).

- **Gelding deur middel van menslike positivering**

Ten tweede wys hy daarop dat God se wette vir die mens nie outomaties geld nie, maar gekonkretiseer of gepositiveer moet word om te kan geld.

In order to become valid, to be made effective, human intervention and activity are essential – the human being alone is empowered to give concrete expression to principles in particular unique historical situations. (Strauss, 2009:293.)

Dit beteken volgens Strauss nie dat die mens tog tot 'n mate outo-noom is nie, want hy/sy is nie die bron van normatiwiteit nie. Dit impliseer wel groot verantwoordelikheid:

... in a secondary and derivative sense, we have the power (competency) to positivize principles and then to be obedient to these positivized principles ... (Strauss, 2009:298).

- **Geen universele, ewigdurende gelding**

'n Derde belangrike punt wat Strauss beklemtoon, is dat, terwyl die goddelikgegewe beginsels konstant is, menslike positiverings nie vir alle tye en plekke kan geld nie, want dan word 'n bepaalde vorm van 'n feilbare positivering tot norm verhef (Strauss, 2009:295). 'n Voorbeeld daarvan is hoe God se gebod, naamlik dat 'n mens nie mag egbreuk pleeg nie, verskillend verstaan kan word.

In die Bybel lees ons ook hoe God se verordenings binne 'n bepaalde tyd en omstandighede gepositiveer is. Strauss (2009:297) kritiseer dus

[t]he arbitrary and indiscriminate way in which certain positive expressions in the Bible are *biblicistically* elevated to become universally valid 'principles' ...

- **Gedifferensieerde liefde**

'n Vierde belangrike perspektief by Strauss is dat God se fundamentele en sentrale liefdeswet in die groot verskeidenheid aspekte en terreine van die lewe gedifferensieerde gestaltes moet aanneem. Liefde lyk anders in die morele as in die estetiese, en anders in die huwelik as in die kerk. Ook hier geld dit dat 'n mens nie 'n spesifieke gepositiveerde vorm van die liefdeswet op 'n spesifieke terrein as gesagvol/geldig vir alle tye mag beskou nie (Strauss, 2009:295).

- **Modale analise en beginsels**

'n Volgende (vyfde) bydrae van Strauss (1990:297) is dat hy die aandag daarop vestig dat elke modale analogie aan die wetsy van die normatiewe (tipies menslike) aspekte van die werklikheid die weg open tot die teoretiese artikulasie van fundamentele beginsels.

- **Waardes geld ook**

Uit die voorafgaande volg ten slotte dat positiverings wat as waardevol beskou word die status van waardes vir menslike doen en late verkry. Waardes wat nagevolg word, besit ook geldingskrag. In hierdie opsig verskil ook hy van sommige van die ouer reformatoriese denkers wat (soos hierbo sigbaar is) huiwerig was om ook aan waardes normatiewe krag toe te ken.

In die volgende uitspraak word sy standpunt kernagtig saamgevat:

A principle is a universal and constant point of departure that can only be made valid through the actions of a competent organ (person or institution) in possession of an accountable (responsible) free will, enabling a normative or antinormative application of the principle concerned relative to the challenge of a proper interpretation of the unique historical circumstances in which it has to take place. (Strauss, 2009:297.)

6. Belangrike gevolgtrekkings en toepassings

Hierdie oorsig oor die bydrae van verskillende reformatoriese denkers oor waardes kon nie alle persone behandel nie (vgl. byvoorbeeld Klapwijk, 1994; en 1995:15-21, 33-42, en 65-90 se belangrike besinning daaroor). Na hierdie lang oorsig is 'n samevatting van die bydraes van sewe reformatoriese denkers tot die besinning oor waardes gewens. Terselfdertyd kan dit ook toegepas word op die Potchefstroomkampus ("Puk"), wat by die samesmelting tot die groter Noordwes-Universiteit (NWU) die versekering ontvang het dat dit sy eie (oorspronklike christelike) karakter mag behou.

Daar word eers gelet op twee verskille tussen die reformatoriese filosowe om daarna die groot ooreenkomste tussen hulle waardebeskouings saam te vat.

6.1 Twee verskille

Dit wil eerstens voorkom asof sekere denkers (bv. Vollenhoven en Olthuis), veral uit vrees vir subjektivisme, 'n meer gereserveerde standpunt ten opsigte van waardes gehuldig het. Ander denkers (beginnende by Stoker, maar ook by latere denkers soos Fowler en Strauss) toon egter groter openheid daaroor.

In die tweede plek bestaan daar duidelik terminologiese verskille. Vollenhoven is baie presies en onderskei tussen die volgende: (1) God se konstante skeppingsorde wat (2) sowel sy *nie-normerende* (geldende) wette (vir stof, plante en diere) as sy *normerende* wette (vir die mens) insluit. Laasgenoemde wette moet (3) in ooreenstemming met God se fundamentele en sentrale *liefdesgebod* vir 'n verskeidenheid lewensterreine deur mense en instellings (4) gepositiveer word en hierdie konkretiserings noem Vollenhoven *beginsels*. Eers wanneer volgens hierdie *principia* geleef word, word (5) *waardes* gerealiseer.

Hierteenoor noem Strauss God se ontiese, universele, skeppingsorde "beginsels", wat deur menslike positivering (normatief of anti-

normatief) geldingskrag verkry. Onder hierdie positiverings word volgens hom ook waardes gereken.

Die belangrikste is egter – eers negatief gestel – dat al die reformatoriese denkers die westerse geloof in menslike outonomie en 'n gevolglike subjektivistiese wet- en waardevisie verwerp.

6.2 Groot ooreenkomste

Enkele ander belangrike punte van eenstemmigheid onder reformatoriese wysgere is die volgende:

- Al die wysgere tref 'n duidelike onderskeid tussen die soewereine God se konstante, universele wetsorde, waarvan geen mens kan ontsnap nie en die hele skepping, wat aan hierdie goddelike wetsorde onderworpe is. (Vir verskillende reformatoriese denkers se visie op God se skeppingsorde, vgl. Van der Walt, 1995.)
- Verder onderskei almal ook tussen twee verskillende wyses waarop God se wetsorde op die natuurlike en die menslike wêreld van toepassing is (vgl. wat reeds hierbo by 6.1 oor Vollenhoven gesê is).
- God se normatiewe wette veronderstel menslike insig en verantwoordelikheid om hulle te positieer en sodoende binne bepaalde omstandighede van krag te laat word.
- Hoewel hulle onderling verskil oor die presiese aantal modaliteite of kante van konkrete aktiwiteite en dinge, asook die presiese volgorde, erken al die denkers dat die werklikheid verskillende fasette vertoon. Behalwe die etiese is daar dus veel meer riglyne wat vir die verskillende lewensfasette gepositieer moet word.
- Omdat God se liefdesgebod sy mees sentrale en grondliggende wet is, moet al bogenoemde positiverings in ooreenstemming daarmee plaasvind. Afhangende van die betrokke aktiwiteit en/of lewensterrein, sal die liefde dus 'n verskeidenheid gestaltes – ook 'n unieke akademiese vorm – aanneem.
- Reformatoriese denkers stem ook saam (al beskryf hulle waardes verskillend) dat waardes nie op sigself bestaande “dinge” is nie, maar altyd op 'n bepaalde lewensvisie (soos by Fowler) of filosofiese ontologie (soos by Vollenhoven) gegrond is. Venter het ook aangetoon dat 'n waardesisteem geen sin het indien die dieperliggende standaard waarvolgens waardes gemeet word, nie bekend is nie.

- Waardes word volgens reformatoriese denkers dus nóg as neutrale, universele dinge (soos by die rasionalisme), nóg as bloot relatiewe riglyne (soos in die geval van die irrasionalisme) beskou. As resultaat van menslike positiverings, is christelike waardes wel feilbaar. Omdat hulle egter positiverings van 'n goddelike wetsorde is, is hulle nie totaal subjektief nie.
- Omdat genoemde positiverings (ook die christelike) binne 'n bepaalde tyd en omstandighede geskied, kan die waardes wat só tot stand kom nie as onveranderlik en ewigdurend beskou word nie. Verally mag hulle nie (deur Christene) aan God se universele, konstante skeppingsorde gelykgestel word nie.
- Om hierdie rede geld selfs die positiverings van God se wetsorde soos in die Bybel meegedeel nie noodwendig meer vir vandag nie. Dit sou biblisisme impliseer en 'n ontduiking van die verantwoordelikheid om God se wette relevant vir 'n mens se eie tyd te positiver.
- Waardes kan (volgens Stoker) 'n mens aantrek (of afstoot), oortuig, of 'n appèl op jou maak. Volgens Strauss besit waardes wat nagevolg word ook gesag of geldingskrag en kan dit dus koers aandui.

6.3 Toepassing op 'n akademiese instelling

As voortsetting op die vorige artikel in hierdie tydskrif word bogenoemde algemene insigte nou op die Noordwes-Universiteit toegepas:

- As menslike instelling vertoon 'n universiteit al die aspekte (ongeveer veertien) van die werklikheid (vgl. Van der Walt, 2000: 304-306). Daarom behoort nie slegs op etiese waardes (soos oorwegend by die NWU – vgl. vorige artikel) gekonsentreer te word nie, maar op 'n meer “veelkleurige” waardesisteem. Indien alle waardes nie tegelyk gerealiseer word nie, begin 'n instelling “mank loop”.
- Van al die verskillende fasette van 'n kollege/universiteit is die akademiese (vgl. weer Van der Walt, 2000:304-306) die kwalifiserende of leidende faset. Van al die moontlike waardes wat nagestreef kan word, moet die akademiese dus voorrang geniet en ook al die ander waardes “inkleur”. Die NWU se huidige tien of elf waardes gee nie aan akademiese waardes die voorrang nie – die enkele meer akademiese waardes bly maar vaag. Verder aanvaar die NWU ook akademies-vreemde waardes uit 'n

ander lewensterrein, naamlik dié van die staat op politieke terrein.

- Soos verduidelik, moet die akademiese waardes vir 'n universiteit of kampus wat dalk nog iets van sy christelike identiteit wil behou, in die lig van God se sentrale liefdesgebod vergestaltung kry. Die omgekeerde weg, naamlik om deur middel van algemene waardes groter onderlinge aanvaarding en verdraagsaamheid te bereik – om ware liefde nie eers te vermeld nie – moet bevraagteken word.
- Wat die waardegedreweheid van 'n instelling soos die NWU betref, ten slotte nog enkele vrae: Hoe kan waardes binne so 'n instelling die beste gekweek word en hoe kan dit aan studente en personeel oorgedra word? Oor die vraag hoe waardes geleer of ingeprent kan word (veral by kinders en jongmense), is reeds heelwat geskryf en verskillende modelle ontwikkel waarop nie hier ingegaan kan word nie (vgl. De Klerk & Rens, 2003:361-366 vir meer besonderhede). Die twee ekstreme waarteen gewaak moet word, is indoktrinasië en relativisme. Blote “window dressing” van die kant van diegene wat die waardes oordra en passiewe onderworpenheid by die ontvangers daarvan is ook verkeerd.

Van der Walt (1999:32, 33) stel eers negatief:

Waardes word nie deur bestuurders uitgedink en dan vir die res van die gemeenskap of instelling gedikteer of daarop afgedwing nie. Dan sal dit goedkoop waardes op papier bly.

Hoe dit wel moet gebeur, stel hy (Van der Walt, 1999:33) soos volg:

Navorsing het ... aangetoon dat die beste manier om waardes oor te dra en te aanvaar nie die abstrakte, verbale en kognitiewe is nie. Veel effektiewer is om sulke waardes oor te dra en aan te leer by wyse van simbole, konkrete verhale en 'n voorbeeldige lewe, wat nie net ander se verstand nie, maar ook hulle gevoelens en harte aanspreek.

Hierby voeg De Klerk en Rens (2003:363) nog die belangrike rol van die regte voorbeeld: waardes “are caught not taught ... example is a form of education, perhaps its highest form”.

6.4 'n Herinnering

Die voorafgaande uiteensetting in verband met waardes is gedoen in die lig van die feit dat die Puk reeds voor die eenwording (2004)

vir 'n waardestelsel gekies het. Tweedens, in die lig daarvan dat by die samesmelting ooreengekom is dat die Potchefstroomkampus binne die groter opset van die NWU sy eie identiteit (oorspronklike christelike karakter) mag behou. Derdens het die vise-kanselier (Eloff) self voorgestel dat die nuwe algemene waardes van die NWU op die Puk christelik ingeklee mag word. Die skrywer is dus van mening dat – natuurlik met die nodige ondersteuning – die Puk tog sy eie identiteit kan behou of terugwen.

Byna twintig jaar na apartheid en met ongeveer 80% van 'n bevolking wat hulself Christene noem, is dit haas ondenkbaar dat Suid-Afrika nie eers één christelike universiteit kan hê nie. Elders op die kontinent het die afgelope paar jaar talle nuwe christelike kolleges en universiteite ontstaan. Die slotgedeelte wat nou volg, is dus bedoel vir óf die Puk (en dalk die groter NWU), óf vir ander Christene elders wat die uitdaging wil aanvaar.

7. Twee basiese opsies

Daar sal gekies moet word tussen óf 'n sekulêre, óf 'n konfessionele inrigting.

7.1 'n Sekulêre universiteit

'n Sekulêre universiteit lyk op die oog af na die maklikste en selfs enigste uitweg. Ook al word so 'n inrigting met algemene waardes versier, sal dit egter nie die feit kan verbloem dat sekularisme ook 'n lewensvisie en religie is nie. 'n Mens hoef nie die God van die Bybel te dien om godsdienstig te wees nie. Wentz (1987) toon aan dat alle mense van nature nie anders kan as om iets groters en belangrikers as hulself te gehoorsaam en te dien nie.

Die hedendaagse sekularistiese lewensvisie kom veral tot openbaring in 'n dualisme tussen die sogenaamde private en publieke lewe (vgl. Mouw & Griffioen, 1993). Mense van allerlei godsdienste mag daarvolgens wel hulle geloofsoortuigings op eersgenoemde terrein (bv. in die gesin, kerk/moskee/sinagoge) uitleef, maar nie op laasgenoemde (wat ook openbare instellings soos skole en universiteite insluit) nie. Die skyn word voorgehou dat die openbare terrein godsdienstig neutraal sou wees en ook dat die sekularistiese visie op hierdie terrein verdraagsaam sou wees.

Reformatoriese skrywers (bv. Boer, 2006) toon egter duidelik aan dat die omvattende, religieuse karakter van die sekularisme nie verdoesal kan word nie. Ten spyte van wat dit voorgee, kan dit

uiters onverdraagsaam wees teenoor ander lewensvisies en godsdienste wat ook op openbare terrein 'n invloed wil uitoefen. In werklikheid kom dit dus daarop neer dat die publieke markplein glad nie neutraal is nie, maar vandag deur hoofsaaklik één religie – die sekularisme – beheers word. Wie nie saamstem dat alle godsdienste ewe waar (of vals?) is nie (soos bv. Jode, Moslems en Christene), is nie welkom nie.

Voorstanders van 'n reformatoriese, bybelse lewensvisie behoort egter nie gewillig die gangbare sekulêre kultuur goed te keur nie. Geen godsdiens – ook nie die christelike – kan daarmee vrede maak dat sy geloof tot 'n persoonlike binnekamer of kultiese gemeenskap (kerk, sinagoge, moskee of tempel) beperk word nie.

7.2 'n Beter opsie

'n Reformatoriese samelewingsfilosofie bied 'n alternatief teenoor die hedendaagse, by voorbaat tot mislukking gedoemde, sekularistiese visie wat ander lewensvisies marginaliseer. So 'n integraal-christelike visie op die samelewing het ontstaan in Kuyper (1837-1920) se neo-Calvinisme en is verder uitgewerk deur talle van sy navolgers (soos bv. Dooyeweerd, 1986). Van der Walt (2010a; 2010b) gee 'n oorsig oor die historiese ontwikkeling van hierdie samelewingsvisie en bied ook 'n sistematiese verduideliking daarvan. Hy toon ook aan hoe hierdie samelewingsfilosofie vandag in verskillende wêrelddele as 'n relevante oplossing vir 'n regverdige multireligieuse samelewing beskou word. (Vir die invloed van die Kuyperiaanse visie op slegs een land, naamlik die VSA, vgl. Harinck, 1999; Bacote, 2005; Bolt, 2001 en Lugo, 1998.) Wat dit presies inhou, word hier slegs kortliks uiteengesit.

7.2.1 Sosiale pluralisme

In die eerste plek is dit 'n *pluralistiese* visie op die samelewing. Met hierdie begrip word bedoel dat die samelewing nie uit een oorkoepelende, omvattende verband (bv. kerk, staat of sakewêreld) bestaan met die res as onderdele daarvan nie, maar uit 'n groot verskeidenheid verbande, instellings en organisasies (vgl. Dooyeweerd, 1986), elk met 'n unieke karakter en taak. (Vgl. in hierdie verband Skillen, 1981, maar veral Skillen & McCarthy, 1991:1-30, 229-357. Laasgenoemde gedeelte bevat sleutelgeskrifte van reformatoriese denkers vanaf Kuyper en daarná wat hierdie samelewingsvisie verder verduidelik.)

7.2.2 Strukturele verskeidenheid

Teenoor verskillende ander vorms van pluralisme (vgl. Skillen & McCarthy, 1991:3 e.v. en McCarthy *et al.*, 1981:30-38) het die reformatoriese tradisie 'n eie visie ontwikkel, wat vroeër algemeen bekend gestaan het as die beginsel van “soewereiniteit in eie kring”, maar later ook onder ander name bekend geword het. (Spykman, 1989 noem dit byvoorbeeld 'n *prinsipiële* pluralistiese posisie, om dit van 'n *relativistiese* soort pluralisme te onderskei, waarvolgens alle godsdienste nie net *juridies* gelyk behandel moet word nie, maar *prinsipiël* as gelykwaardig beskou word.)

Hierdie samelewingsbeskouing kom kortliks daarop neer dat samelewingsverbande nie volgens 'n geheel-deel skema (vgl. hierbo) of 'n hoër-laer skema ingedeel mag word nie. Huwelik, gesin, skool, universiteit, kerk, staat, bedryf, en so meer staan op gelyke vlak langs mekaar, elkeen met 'n eie taak, ampsdraers, gesag, mag en verantwoordelikheid. Hoewel hulle vir die welsyn van elke mens en die hele menslike samelewing onderling ook nou behoort saam te werk, mag die een nie (sonder baie goeie rede) op die ander se terrein inmeng nie.

'n Universiteit moet byvoorbeeld vry van die inmenging van kerk, staat en die sakewêreld wees, sodat dit aan eie akademiese norme kan beantwoord en só sy eie, unieke roeping vervul. Venter (1994: 287-290; 1987a; 1987b) bied 'n duidelike uiteensetting van sodanige norme wat, let wel, nie net vir 'n christelike universiteit geld nie.

7.2.3 Konfessionele verskeidenheid

Konfessionele verskeidenheid rus op die aanvaarding van bogenoemde verskeidenheid samelewingsverbande, maar bied ook iets meer van baie groot belang. Dit bied 'n oplossing vir mededingende lewensvisies in moderne multireligieuse samelewings en instellings. Hierdie dikwels strydende visies moet ook op die openbare terrein tot hulle reg kom. McCarthy *et al.* (1981:38-40, 145 e.v.) bied 'n volledige uiteensetting vir die bybelse begroning van so 'n konfessionele pluralisme.

Boer (2003:17) verduidelik dat

... social intellectual and religious differences that drive outlooks and agendas are real, and they should not be forced into unitary national establishments, whether religious, intellectual or political. Various communities of faith ... could play public roles, yet not feel compelled to choose between domination, accom-

modation or withdrawal. They would have the intellectual space to work out their particular convictions, but would retain the right to put their ideas into play on an equal basis.

Boer (2009:73 e.v.) beskou konfessionele pluralisme byvoorbeeld as die enigste werklike oplossing vir die baie lang en bloedige stryd tussen ongeveer 60 miljoen Moslems en 'n gelyke aantal Christene in Nigerië. Dit kan werklik kompeterende en botsende lewensvisies en godsdienste akkommodeer. Dit sluit ook alle terreine van die samelewing in – nie net die sogenaamde politieke terrein nie.

Christene, Moslems, Jode, sekulariste, en so meer moet hiervolgens die reg besit om hulle eie skole en instellings vir hoër onderwys tot stand te bring en te bestuur sonder dat hulle staatsubsidie hoef prys te gee. Boer (2009:74) stel dat lewensbeskoulike pluralisme

... allows space for all worldviews with a significant following to express and embody themselves in the marketplace according to their own insights. *Under [confessional] pluralism, no worldview has a privileged position, whether religious or secular. They all have an equal place at the table.* No secular, Muslim or Christian perspective will try to dominate and define the nature and limits of the others.

Duidelikheidshalwe moet weereens gesê word dat so 'n visie op konfessionele pluralisme nie religieuse of lewensbeskoulike relativisme impliseer nie, aangesien dit die verskille tussen die verskillende lewensvisies en godsdienste erken en nie ignoreer nie. Terselfdertyd vra die implementering van so 'n visie op die samelewing 'n groot mate van verdraagsaamheid. Dit kan die toleransie van beskouings en praktyke waarvan 'n mens glad nie hou nie, impliseer.

7.2.4 Realisties en regverdig

Hierdie visie op die samelewing hou teenoor die sekularistiese opsie die voordele in dat dit realisties is, omdat dit daarmee rekening hou dat religieuse en lewensbeskoulike oortuigings op openbare terreine nie werklik onderdruk kan word nie. Dit is ook regverdiger, omdat dit die basiese reg van elke mens, naamlik godsdienstige en lewensbeskoulike vryheid, erken. Ook word niemand gedwing om 'n sekularistiese lewensvisie te aanvaar nie. Op hierdie wyse word die breë menslike samelewing verryk in plaas daarvan om in sekularistiese armoede te verval.

Toegepas op die onderwerp van hierdie ondersoek: 'n christelike universiteit is nie iets buitengewoons nie, maar behoort as heeltemal normaal beskou te word.

7.3 'n Moontlikheid ter oorweging

Die ideaal van 'n verskeidenheid konfessionele inrigtings (soos n.a.v. struktuur, rigting en relevansie in die vorige artikel beskryf) mag veral in die geval van hoër onderwys (a.g.v. die hoë kostes in 'n arm, ontwikkelende land) nie haalbaar wees nie. Dit kan nogtans binne dieselfde (bestaande) universiteit verwerklik word.

Vooraanstaande universiteite oorsee word byvoorbeeld in verskillende skole georganiseer, elkeen met 'n eie tradisie en karakter. Analooq hieraan kan die NWU ruimte skep vir die totstandkoming van sentrums, institute (of ander strukture) vir byvoorbeeld mense (ouers en studente) van Joodse, Moslem, Christelike en sekulêre oortuigings. (Vgl. Van der Plas, 2005 wat vermeld dat die Vrije Universiteit 'n Sentrum vir Islamitiese Teologie in die lewe geroep het.) Hierdie geloofsgroepe moet dan die inisiatief neem om self (of met staatssteun) sodanige eie institute te onderhou, van personeel te voorsien (wat wel op grond van lewensbeskoulike oortuigings gekeur mag word) en self te besluit hoe hulle aan hulle oortuigings akademiese gestalte wil gee.

Sodanige institute behoort, myns insiens, die nuwe verpligte kursusse (vanaf 2010) vir studente in "Verstaan die wêreld" by die NWU aan te bied. Die motivering is dat hierdie kursusse, na my oordeel, onrealisties en opvoedkundig onverantwoord is. So ver afgelei kon word, sal hierdie kursusse op die model van die ou vergelykende godsdienwetenskap aangebied word. Daarvolgens moet studente aan verskillende lewensvisies bekendgestel word, sodat hulle uiteindelik self daartussen kan kies. Dit is egter onrealisties om te verwag dat dosente die kursusse neutraal sal aanbied. Dit is bowenal pedagogies ook nie verantwoordbaar nie, aangesien adolessente studente juis gehelp moet word om die betrokke lewensvisie waarin hulle in hulle ouerhuise grootgeword het, beter te verstaan en verder te ontwikkel. Daarmee word geensins veronderstel dat hulle nie ook van ander lewensbeskouings, filosofieë en wetenskaplike teorieë mag kennis neem nie.

8. 'n Samevattende terugblik

Terugskouend kan die voorafgaande lang weg soos volg in vier punte saamgevat word:

- 'n Vluchtige oorsig oor waardefilosofieë gedurende die westerse denke het aangetoon dat die begrip *waarde* reeds 'n lang geskiedenis het en (binne verskillende filosofiese stromings) verskillende betekenis gehad het. Belangriker is egter die gemeenskaplike vertrekpunt van hulle almal. Dit is die geloof dat die outonome mens self sy waardes bedink en hulle nie buite die mens begrond mag word nie. Daarom kom ook die sentrale liefdesgebod nie tot sy reg nie. Hoewel westerse denkers vir 300 jaar (1700-1900) met hierdie skyngeloof se skynsekerheid geleef het, is dit (vanaf 1900) geleidelik deur die historisme en irrasionalisme ondergrawe en ontmasker as 'n fondament wat op dryfsand gebou is. Die genoemde universele, ewige sekerheid het vandag op die algehele relatiewiteit van enige waarde uitgeloop. Die hooggeroemde hedendaagse waardes kan nie meer koers aandui nie.
- Hoe hulle ook al in detail mag verskil, gaan die behandelde reformatoriese denkers almal uit van God as die hoogste Wetgewer, wat sy riglyne vir die lewe in sy skeppingswoord, Skrifwoord en vleesgeworde Woord (Christus) duidelik aan elke mens wat wil luister, openbaar. Die mens moet self aan hierdie konstante, universele riglyne vir sy eie tyd en omstandighede in ooreenstemming met God se fundamentele liefdesgebod gestalte gee. 'n Christelike positivering, onder andere in waardes, is ook feilbaar, maar het ten minste 'n hoër Oorsprong waaraan dit voortdurend getoets kan en moet word.
- In die plek van die hedendaagse sekulêre samelewingsfilosofiese dualisme tussen die sogenaamde religieuse private en neutrale publieke lewensterreine, is die hooftrekke van 'n alternatiewe christelike samelewingsfilosofie geskets. Hiervolgens is 'n universiteit eerstens 'n instelling met 'n eie terrein, taak, gesag en verantwoordelikheid en nie 'n onderdeel van die staat, sodat dit politieke ideologieë (bv. 'n sekulêre konstitusie) as grondslag vir sy waardestelsel hoef te aanvaar nie. Tweedens, volgens die beginsel van konfessionele verskeidenheid, is 'n Christelike universiteit nie iets abnormaals of buitengewoon nie, maar 'n normale, gewone instelling, iets vanselfsprekend in 'n land met so 'n hoë persentasie Christene soos Suid-Afrika.
- Verder is daarop gewys dat, indien 'n afsonderlike christelike universiteit nie haalbaar is nie, die moontlikheid van konfessionele verskeidenheid binne dieselfde instelling oorweeg kan word by wyse van sentrums/institute/skole vir die geloofsgroepe wat so iets begeer.

Daar kan dus afgesluit word met die opmerking dat met hierdie besinning oor waardes – nie net op abstrak-teoretiese gebied nie, maar ook ten opsigte van konkreet-praktiese probleme – die reformatoriese filosofie weereens sy waarde bewys het.

Geraadpleegde bronne

- ANDREW, E.G. 1995. *The genealogy of values: the aesthetic economy of Nietzsche and Proust*. Lanham: Rowman & Littlefield.
- ASPIN, D.N. & CHAPMAN, J.D., eds. 2007. *Values education and lifelong learning*. Dordrecht: Springer.
- BACOTE, V.E. 2005. *The spirit of public theology: appropriating the legacy of Abraham Kuyper*. Grand Rapids: Baker.
- BANKS, R., ed. 1983. *Private values and public policy: the ethics of decision making in government administration*. Homebush West: Lancer Books.
- BIEMOND, M. 2010. De school als morele gemeenskap. *Tydskrif vir christelike wetenskap*, 46:1-20.
- BOER, J.H. 2003. *Studies in Christian-Muslim relations*. Vol. 1. Belleville: Essence.
- BOER, J.H. 2006. *Christians and secularism – Yes and No*. Belleville: Essence.
- BOER, J.H. 2009. *Studies in Christian-Muslim relations*. Vol. 8. Belleville: Essence.
- BOLT, J. 2001. *A free church, a holy nation: Abraham Kuyper's American public theology*. Grand Rapids: Eerdmans.
- BRILLENBURG WURTH, G. 1953. *Gestalten der liefde*. Kampen: Kok.
- DE KLERK, J. & RENS, J. 2003. The role of values in school discipline. *Koers*, 68(4):353-371.
- DE KLERK-LUTTIG, J. 2010. By-waardes. *Bylaag Beeld*: 2, 16 Jan.
- DOOYEWEERD, H. 1953. *A new critique of theoretical thought*. Vol 1. Amsterdam: Paris.
- DOOYEWEERD, H. 1957. *A new critique of theoretical thought*. Vol. 4. Amsterdam: Paris.
- DOOYEWEERD, H. 1986. *A christian theory of social institutions*. Trans. by J. Verbrugge. Ed. by J. Witte. LaJolla: The Herman Dooyeweerd Foundation.
- FOWLER, S. 2008. *Living worldviews*. Melbourne: Kitale.
- FOWLER, S., VAN BRUMMELEN, H.W. & VAN DYK, J. 1990. *Christian schooling: education for freedom*. Potchefstroom: Institute for Reformational Studies.
- HARINCK, G. 1999. A triumphal procession? The reception of Abraham Kuyper in the USA (1900-1940). (In Van der Kooi, C. & De Bruijn, J., eds. *Kuyper reconsidered*. Amsterdam: VU-Uitgeverij. p. 273-282.)
- HART, H. 1966. *Communal certainty and authorized truth; an examination of John Dewey's philosophy of verification*. Amsterdam: Swets & Zeitlinger.
- JOAS, H. 2000. *The genesis of values*. Trans. by G. Moore. Chicago: University of Chicago Press.
- JONGENEEL, R. 2010. Feit en waarde. *Beweging*, 74(1):18-21, Lente.
- KASBAUER, M. 1962. Wertphilosophie. (In Von Campenhausen, H.F., Dinkler, E., Gloede, G. & Logstrup, K.E., eds. *Die Religion in Geschichte und Gegenwart*. Tl. 6. Tübingen: Mohr. S. 1650-1651.)

- KLAPWIJK, J. 1977. *Dialektiek der Verlichting: een verkenning van het neomarxisme van de Frankfurter Schule*. Assen: Van Gorcum.
- KLAPWIJK, J. 1986. *Orientatie in de nieuwe filosofie*. Assen: Van Gorcum.
- KLAPWIJK, J. 1994. Pluralism of norms are values: on the claim and reception of the universal. *Philosophia reformata*, 59:158-192.
- KLAPWIJK, J. 1995. Transformationele filosofie: cultuurpolitieke ideën en de kracht van een inspiratie. Ed. by R. van Woudenberg & S. Griffioen. Kampen: Kok.
- KOK, J.H. 1998. *Patterns of the western mind: a reformed-christian perspective*. Sioux Center: Dordt College Press.
- LESSING, A.C. & DE WITT, M.W. 2010. Karakterbou en christelike waardes vir die bevordering van gedissiplineerde klaskamergedrag. *Tydskrif vir christelike wetenskap*, 46:21-38.
- LUGO, L.E., ed. 1998. *Religion, pluralism and public life: Abraham Kuyper's legacy for the twenty-first century*. Grand Rapids: Eerdmans.
- MCCARTHY, R., OPPEWAL, D., PETERSON, W. & SPYKMAN, G. 1981. *Society, state and schools: a case for structural and confessional pluralism*. Grand Rapids: Eerdmans.
- MEKKES, J.P.A. 1949. *De betekenis van het subject in de moderne waarde-filosofie onder het licht der wetsidee*. Leiden: Universitaire Pers Leiden (Intreerede.)
- MOUW, R. & GRIFFIOEN, S. 1993. *Pluralisms and horizons: an essay in christian public philosophy*. Grand Rapids: Eerdmans.
- OLTHUIS, J.H. 1968. *Facts, values and ethics: a confrontation with twentieth century British moral philosophy in particular G.E. Moore*. Assen: Van Gorcum.
- REITSEMA, H. 2010. *Bye bye postmodernism, hello intuitionism*. (Unpublished paper at Midrand, April 2010.)
- SCHOEMAN, P.G. 2006. In search of a "new morality" for South African education. Part 1. *Journal for christian scholarship*, 42(1 & 2):81-101.
- SCHOEMAN, P.G. 2009a. In search of a "new morality" for South African education. Part 4: The central role of values in education. *Journal for christian scholarship*, 45(3):1-18.
- SCHOEMAN, P.G. 2009b. In search of a "new morality" for South African education. Part 5: Holding an office and the prerogative to introduce and advocate values to the normatively immature. *Journal for christian scholarship*, 45(4):57-76.
- SKILLEN, J.W. 1981. Politics, pluralism and the ordinances of God. (In Vander Goot, H., ed. *Life is religion: essays in honour of H.E. van Runer*. St. Catherines: Paideia. p. 195-206.)
- SKILLEN, J.W. & MCCARTHY, R.M., eds. 1991. *Political order and the plural structure of society*. Atlanta: Scholars Press.
- SOUTH AFRICA. Department of Education. 2001. *Manifesto of values, education and democracy*. Cape Town: Cape Argus Teach Fund.
- SPYKMAN, G.J. 1989. The principled pluralist position. (In Smith, G.S., ed. *God and politics: four views on the reformation of civil government: theonomy, principled pluralism, Christian America, national confessionalism*. Phillipsburg: Presbyterian & Reformed Publication Company. p. 78-99.)
- STOKER, H.G. 1969. Die kosmiese dimensie van waardes. (In Stoker, H.G. *Beginsels en metodes in die wetenskap*. Johannesburg: De Jong. p. 178-182.)

- STOKER, H.G. 1970. Die kosmiese dimensie van waardes. (*In* Stoker, H.G. Oorsprong en rigting. Dl. 2. Kaapstad: Tafelberg. p. 304-307.)
- STRAUSS, D.F.M. 2009. Philosophy: the discipline of the disciplines. Grand Rapids: Paideia.
- VAN DER PLAS, E. 2005. Koranlessen aan de Universiteit van Kuyper. *SBM-maandblad van de Besturenraad voor Managers, Bestuurders en Toezichhouders*, 10:20-21.
- VAN DER WALT, B.J. 1993. Op soek na gemeenskaplike kulturele waardes vir 'n toekomstige Suid-Afrika. Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studie. (Studiestuk nr. 309, Sept.)
- VAN DER WALT, B.J., ed. 1995. God's order for creation. Potchefstroom: Institute for Reformational Studies. (Study Pamphlet no. 324, Dec.)
- VAN DER WALT, B.J. 1999. Die oorsprong van ons waardekrisis en hoe ons weer positiewe, christelike waardes kan terugvind. (*In* Van der Walt, B.J., Du Plessis, P.G.W. & De Klerk, G.J. Christelike waardes in 'n nuwe Suid-Afrika. Potchefstroom: IRS. p. 6-33.) (Studiestuk 381, Sept.)
- VAN DER WALT, B.J. 2000. Visie op die werklikheid. Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studie.
- VAN DER WALT, B.J. 2010a. The biblical foundations and historical development of a christian paradigm for social involvement. (*In* Van der Walt, B.J. At home in God's world. Potchefstroom: Institute for Contemporary Christianity in Africa. p. 411-435.)
- VAN DER WALT, B.J. 2010b. A systematic exposition and practical application of a transforming christian social philosophy. (*In* Van der Walt, B.J. At home in God's world. Potchefstroom: The Insitute for Contemporary Christianity. p. 436-470.)
- VAN OYEN, H. 1962. Wertethik. (*In* Von Campenhausen, H.F., Dinkler, E., Gloede, G. & Logstrup, K.E., *Reds.* Die Religion in Geschichte und Gegenwart. Tl. 6. Tübingen: Mohr. S. 1646-1650.)
- VENTER, J.J. 1987a. Universiteit: waarvandaan? en wat? (*In* Van der Walt, B.J., *red.* Venster op die universiteit. Potchefstroom: IRS. p. 1-15.)
- VENTER, J.J. 1987b. Gesag aan die universiteit. (*In* Van der Walt, B.J., *red.* Venster op die universiteit. Potchefstroom: IRS. p. 108-130.)
- VENTER, J.J. 1994. Reformational university basis in operation. *Orientation: international circular of the PU for CHE*, no. 71-74:260-295.
- VOLLENHOVEN, D.H. Th. 1992. Norm en natuurwet. (*In* Tol, A. & Bril, K.A., *reds.* Vollenhoven als wijsgeer: inleidingen en teksten. Amsterdam: Buiten & Schipperheijn. p. 47-65.)
- VOLLENHOVEN, D.H. Th. 2000. Schematische kaarten: filosofiese concepties in probleemhistorisch verband. Red. door K.A. Bril. & P.J. Boonstra. Amstelveen: De Zaak Haes.
- VOLLENHOVEN, D.H. Th. 2005a. Isagôgè philosophiae: introduction to philosophy. Ed. by J.H. Kok. & A. Tol. Sioux Center: Dordt College Press.
- VOLLENHOVEN, D.H. Th. 2005b. The problem-historical method and the history of philosophy. Ed. by K.A. Bril. Amstelveen: De Zaak Haes.
- VOLLENHOVEN, D.H. Th. 2005c. Wijsgerig Woordenboek. Red. door K.A. Bril. Amstelveen: De Zaak Haes.
- VON RINTELEN, F.J. 1972. Values in European thought. Pomplona: Universidad de Navarra.
- WENTZ, 1987. Why people do bad things in the name of religion. Macon: Mercer University Press.

ZECHA, G. 2007. Opening the road to values education. (In Aspin, D.N. & Chapman, J.D., eds. Values education and lifelong learning. Dordrecht: Springer. p. 48-60.)

Kernbegrippe:

konfessionele pluralisme
Noordwes-Universiteit
waarde-onderrig
waardefilosofie
waardes

Key concepts:

confessional pluralism
North-West University
value education
value philosophy
values